# Tafnuus: September 2024

## Beste Tafelberg-Fotografieklub-lede

1 September was tradisioneel lentedag, maar lentedag was maar bitter min 'n warm dag in die Kaap. Die Namakwaland blomme seisoen beloof egter om baie mooi te wees met al die baie reën wat daar geval het. Die Canola blomme in die Overberg is ook besonders mooi. So dit is weer 'n besonderse tyd om foto's te neem ! Vir die lede wat saamgaan na Lambertsbaai- Ons sien uit na 'n heerlike fotografie en kuier naweek. Die naweek van 30, 31 Aug. en 1 Sept. beloof om baie opwindend te wees. Ons gaan -fokus op voëls, maar daar gaan ook landskap en blomme wees. Dit is blomtyd en die blomme is baie mooi vanjaar. Die hele omgewing is mooi. In Clanwilliam is daar 'n blommeskou – dalk kan julle op pad na die naweek, daar 'n draai maak. Al het jy nog nie jou naam iewers opgegee nie – daar is altyd plek vir nog! Bespreek iewers vir jou verblyf en kom geniet dit saam met ons. Laat weet net.

## 1. KLUB PRESTASIE:

1.1 **Uitslae van PSSA Salonne (vir 2024-2025 Impala jaar):**

- Die syfers is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het. **Baie geluk aan elkeen!!!**

| Naam | Nelspruit | Benoni |
|---|---|---|
| Neels Beyers | 1 Meriete en 2 | 2 |
| Christo Giliomee | 6 | 1 Silver Med. en 4 |
| Quintus Heine | 2 | 2 |
| Theo Potgieter | 1 Meriete en 2 | 1 Meriete en 4 |
| Juliana van Dyk | 3 | 8 |
| Adriaan v Zyl | | 4 |
| Karen v Zyl | | 3 |
| Judy Visagie | 1 | |
| Mariana Visser | 1 | |

**1.2: Honours van lede:**

Dit bly 'n groot prestasie om jou honours by PSSA te ontvang. Die volgende lede het in Julie die eksamens/vereistes geslaag**.** Baie geluk met die lede se baie goeie prestasie !!!!

**Dixon Norval – APSSA -COLOUR**
**Theo Potgieter- DPSSA – (Cls)**

**1.3 Ander kompetisies:**

Marina Visser en Louise de Lange het albei 2 aanvaardinge by ’n oorsese salon ontvang. (CHITRACHINTAA) Baie geluk aan hulle albei.

**1.4 Impala trofee**

Volgens die ongeouditeerde lys is **Tafelberg** 8 ste in die land en eerste in die Wes Kaap. Ons is vreeslik trots met die uitsonderlike prestasie. Ons wag nog dat dit amptelik bevestig word! Baie dankie vir elke klublid wat die jaar (Julie 2023-Jun 2024) by salonne ingeskryf het en dit vir ons moontlik gemaak het om so goed te doen.

**Christo Giliomee** is 12 de in die land op indiwiduele vlak. Dit is ’n ontsettende goeie prestasie!!! Baie geluk Christo.

Die ander goeie uitslae (bv. van prints) van ander lede sal ons bekend maak as dit in Sept. by die kongres aangekondig word. Alles is egter nog tentatief totdat dit finaal verklaar word.

## 2 WEN-FOTO’S VAN Augustus 2024- Tema – Vaste kategorie: Stairs and steps

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Looking Up : Niel Goslet**<br>**Wenner: Vaste kategorie en Maandwenner** | **Once upon a time: Theo Potgieter**<br>**2de Vaste** |
|  |  |
| **The rains in Africa: Christo Giliomee**<br>**Wenner: Ope kategorie** | **Klein byevretertjie: Adriaan v Zyl**<br>**2de Ope** |

|  | |
|---|---|
| **Washed ashore: Wilmarie Pretorius**<br>**Junior Wenner** | |

**Baie geluk aan die Maandwenners!!!!** Die wen foto kom nie in sy klein vorm tot sy reg nie. Gaan loer op ons website as jy die foto's groter wil sien

## 3. NUUS VAN DIE PSSA

### 3.1 Wes Kaap foto-fees begin 9 November

Verlede jaar het ons die WCPF se foto-fees in November gehad met 'n foto uitstalling in Groot Constantia. Toe was Kaapstad die gasheer. Hierdie jaar is Paarl die gasheer en word so uitstalling in die Paarl gehou. Karen gaan vir julle kennis gee van hoe julle kan deelneem.

## 4. PROGRAM 2024

Die program vir 2024 se kompetisie – en die vaardigheidsaande is op ons webtuiste aangebring. [www.tafklub.co.za](http://www.tafklub.co.za)

## 5 September 2024: BYEENKOMSTE

5.1 **Kompetisie September:**

- Die maand se klubkompetisie is **17 September** en die sluitingsdatum vir inskrywings is **11 September.**
  **Die vaste tema is: Wild lewe Fotografie** en die beoordelaar is **Johan Drotsky van Bethal. Johan is bekende wildsfotograaf en beoordelaar. In Aug. en Sept. het ons beoordelaars vanaf die Noorde van die land. Dit is vir ons goed om blootgestel te word aan ander beoordelaars uit ander dele van die land.**

  **Definisie:** Let asb. op die definisie hieronder:
- **Wildlife is not limited to animals and insects. Marine subjects and botanical subjects (including fungi and algae) taken in the wild are suitable wildlife subjects. Birds may not be entered. Human elements, if present should not detract from or overpower the subject. Manipulation is NOT allowed**

- **Let wel dat Junie – Sept. slegs Zoom vergaderings gaan wees.** Ons sal dit aan die einde van die jaar herevalueer.

5.2 **Vaardigheid.** Op **Vrydag 6** September gaan ons saam met Ohna Nel foto's neem, met ligte by die see. Dit beloof om 'n baie besonderse vaardigheidsoefening te wees. Iemand gaan bv. ligte swaai om 'n persoon (moontlik model) en ons neem dit af Dit beloof om iets besonders te wees. Sy gaan by Bloubergstrand (dit hang van die weer af) vir ons fotografie tegnieke leer. Moet dit

nie mis nie !!!!! Daar is baie moeite gedoen om hierdie geleentheid te skep. Oktober is die kompetisie maand "Human Portraits "

**6. Wildsfotografie is September se kompetisie tema**

Photographic Society of Amerika het goeie riglyne vir fotograwe en beoordelaars in Wildsfotografie- Lees dit gerus!

**https://pssa.co.za/wp-content/uploads/2021/11/Nature-Photography-Judges-Guide.pdf**

**Laai asb. die bladsye af en lees dit – Dit is baie leersaam vir iemand wat belangstel in wildfotografie !!!**

## 7. LAASTENS

*My wense is dat elke lid van Tafklub die maand sy/haar se passie vir fotografie sal uitleef!!! Neem jou kamera oral saam en neem al die mooi af! Dit sal jou gelukkig maak.*

*Mooi Loop!*

**Quintus Heine**